



# Beheer van swamsiektes (control of fungal diseases)

Agro-Organics

Newsletter 4  
31 October 2006

## Bio-Protector, Myco-P, Bio-Build, Bio-Tricho

Die reeks swamdoders bestaan uit: Bio-Protector, Myco-P, Bio-Build en Bio-Tricho.

Bio-protector (L 7038) en Myco-P (SGSOPS/06/18) kan albei gebruik word vir donsskimmel sowel as ander siekte probleme by 'n verskeidenheid gewasse. Bio-Protector bevat onder andere askorbien-suur wat bekend is om 'n plant se weerstand te verhoog. Die beste werking van die produk word dus verkry deur dit 2 keer na mekaar toe te dien in plaas van eenmalig. Myco-P werk op soortgelyke wyse as Bio-Protector maar is spesifiek vir organiese boere ontwikkel en bevat onder andere ook kaliumpermanganaat as aktiewe bestanddeel.

Bio-Build (L 7039 & SGSOPS/06/09) bevat natriumbikarbonaat en benattingsmiddels en is spesifiek ontwikkel vir beheer van witroes (poeieragtige skimmel) by 'n verskeidenheid van gewasse. Bio-Build is geregistreer onder Wet 36/47 vir beheer van witroes op wingerd. Bio-Build kan voorkomend gebruik word vir witroes beheer maar het ook 'n baie goeie regstellende aksie waar witroes reeds voorkom. Die werking van die produk berus daarop dat die natriumbalans in die swamselle ontwig word en veroorsaak gevolglik

ineenstorting van die swam se selle. Die produk is veral geskik waar dit geïntegreerd in 'n program by wingerd gebruik word om weerstand by witroes teen DMI en strobilurin bevatende swamdoders teen te werk.

Bio-Build gee ook goeie beheer teen alternaria, antraknose, roes (ook op koring), "Dollar spot" en Pythium op grasperke, asook laatroes en vroeë roes op aartappels. Optimum aksie van produkte is by 'n pH van 7.

Bio-Tricho is 'n swam wat parasities op verskeie wortelpatogene is (Kyk nuusbrieff 3).

---

The series consists of: Bio-Protector, Myco-P, Bio-Build and Bio-Tricho.

Bio-protector (L 7038) and Myco-P (SGSOPS/06/18) can both be used for downy mildew as well as other diseases on a variety of crops. Bio-Protector contains ascorbic acid, which is known to increase a plant's resistance. The best results of the product is therefore obtained when it is applied at least twice in succession rather than only once. Myco-P works in the same manner as Bio-Protector but is specifi-

cally developed for organic farmers and contains also potassium permanganate as active ingredient.

Bio-Build (L 7039 & SGSOPS/06/09) contains sodium bicarbonate and surfactants and is specifically developed for control of powdery mildew on a wide variety of crops. Bio-Build is registered under act 36/47 for control of powdery mildew on vineyard. Bio-Build can be used preventatively for powdery mildew control but can also be used curatively. Bio-Build's mode of action is based thereon that it disrupts the sodium balance in the fungus cells causing them to collapse. Bio-Build is especially suited for an integrated control with other fungicides to prevent build up of resistance against DMI and strobilurin fungicides.

Bio-Build also gives good control against alternaria, anthracnose, rust (also in wheat), Dollar spot and Pythium on greens as well as late- and early blight on potatoes. Optimum activity of the product is at pH 7.

Bio-Tricho is a fungus which is a parasite on several root rotting fungi (Ref newsletter no 3).

## Agro-Organics Intern

Registrasie proewe vorder fluks. Veral nematodes kry nou die wind van voor. Ons hops, aartappel, bessie, granadilla, pistasio proewe toon groot belofte. Ons wag op die aanvang van proewe op capsicum, uie, blaarslaai, erte en grondrankgewasse.

Waar Bio-Insek die druk van insekte uit aanplantings beduidend verminder, doen Bio-Tricho dieselfde met verskeie verrottings patogene.

Registration trials are on schedule and nematodes beware. Our trials on hops, potato, berries, granadilla, pistachio are exceeding our expectations and we are waiting to start trials on capsicum, onions, lettuce, peas and cucurbits.

Where Bio-Insek reduces the pressure of insects from within production units, same holds true for Bio-Tricho curbing several rotting fungi.

Sou u van enigiemand weet wat graag ons nussbriewe wou ontvang, laat weet ons asseblief! DANKIE.

Should you know of any person that would like to receive our newsletter, please let us know! THANK YOU.



Dr. Strauss's potjie

Any technical challenges can be addressed to:

[strauss@agroorganics.co.za](mailto:strauss@agroorganics.co.za)

Or just investigate our web-site:

<http://www.agro-organics.co.za>